

Tuiswerker Se Hoekie.

Hoe om hout af te werk.

Moenie lui rook as dit by skuurwerk kom nie. Dit is daardie gladde afwerking wat van jou projek 'n meesterstuk maak. Afwerking is 'n proses met twee stappe:

1. Skuur.
2. Aanwending van afwerking.

Hoe en wanneer om te skuur.

Skuurwerk moet altyd as 'n baie belangrike stap beskou word. As die houtoppervlak ongelyk is, sal die beits en afwerking ook ongelyk wees. Skuurwerk word gewoonlik met die hand gedoen en vir 'n ongeoefende hand kan skuurmasjiene moeilik beheerbaar wees en die oppervlak beskadig. Op watter manier daar ook al geskuur word, is daar drie basiese stappe wat gevolg moet word.

STAP 1

BASTIES: In hierdie stadium moet growwe skuurpapier, ongeveer 80 grint, gebruik word.

STAP 2

VOORBEREIDEND: As opvulling klaar is, moet 'n medium papier of papier van 120 grint gebruik word.



STAP 3

AFWERKING: Die stof moet versigtig verwyder word deur gebruik te maak van lap wat in mineral-spiritus gedoop is.

Basiese reëls vir skuur.

1. Gebruik 'n skuurblokkie.
2. Skuur in rigting van grein.
3. Hou druk eweredig met elke haal.

Maak en gebruik van 'n skuur blokkie.



'n Skuurblokkie is 'n plat blokkie met skuurpapier daarom gedraai. Die blokkie laat eweredige druk toe met elke haal en sorg vir eenvormige, satynagtige afwerking. Die illustrasies wys 'n paar blokkies wat jy kan koop of self kan maak vir die skuurwerk. 'n Baie belangrike element van die skuurblokkie is 'n stukkie elastiese materiaal soos rubber, vilt of mat tussen die blokkie en die papier om te voorkom dat los greintjies tussen die blokkie en papier kom. As daar greintjies onder die oppervlak vassit, maak dit 'n bult in die skuuroppervlak van die blok wat merke in die hout sal maak.

Tyd om die afwerking reg te kry.

Alhoewel daar baie moontlike afwerkings vir hout is, sal ons in hier twee bespreek.

1. Kleurlose afwerking
2. Verf.

Kleurlose afwerkings.

Om die ware skoonheid en grein van enige hout na vore te bring, sal vernis 'n natuurlike afwerking gee. Dit is beskikbaar met 'n mineraal- of poliuretaanbasis. Onderskei tussen binnenshuise en die

buitenshuise gebruik. 'n Wye verskeidenheid helder afwerkings is geredelik beskikbaar, en jou handelaar sal jou adviseer oor die regte tipe vir die regte doel.

Verf.

Projekte wat aan harde en aanhoudende gebruik onderwerp sal wees, het 'n harde en buigsame afwerking nodig. Alle emalje-, eierdop-, en lakvernis-verfafwerkings is buitengewoon duursaam. Dit kan met 'n kwas of spuitkan aangewend word. Voorbereiding is die sleutel tot enige goeie verfwerk:

1. Wend houtgrondverf eerste aan.
2. As dit droog is, kan jy 'n baie fyn skuurpapier gebruik om 'n gladde afwerking te verkry.
3. Die volgende stap is 'n onderlaag, wat ook 'n fyn skuurpapier nodig het sodra dit droog is.
4. Teen die tyd dat jy die finale of afwerkingslaag aanwend, sal die hout sysag voel.

As jy enige onduidelikheid ondervind, sal jou plaaslike handelaar jou met graagte bystaan.

Aanwendings wenke.

Alhoewel verskillende tipes afwerking op verskillende wyses aangewend word, is daar tog heelwat punte van ooreenkoms. Die volgende wenke geld vir afwerkings wat met 'n kwas aangewend word:



Ondersoek haarpunte om vas te stel of die meerderheid "vertak" is.



Toets vir veerkragtigheid deur die kwas teen jou hand te druk.

Kies die regte kwas.

Natuurlike haarborsels van varkhaar is jare al reeds die gunsteling vir die aanwend van oliebasis-emalje, lakvernis, alkiedemaljes, poliuretaan en alle nie-water-basisse. Alhoewel varkhaar nie so lank soos nylon hou nie, voel verwers dat hulle gehaltewerk daarmee kan verkry. Die beste kwaste neem meer verf op en hulle haarpunte het "vertakkings" wat help om die verf meer eweredig aan te wend (sien skets). Hierteenoor is sintetiese kwaste (gewoonlik nylon) goedkoper, hou besonder lank, en is meer geskik vir afwerkings met 'n waterbasis aangesien hulle minder water absorbeer as "natuurlike" kwaste. Al kan hulle die meeste afwerkings aanwend, moet hulle nie vir lakvernis of skellak gebruik word nie. (Die oplosmiddels in hierdie afwerkings is geneig om nylon te versag.)

Kies 'n kwas wat vol is.

Druk die hare teen die agterkant van jou hand om die volheid en elastisiteit daarvan te bepaal. Onthou ook, hoe langer die hare is, hoe meer verf kan dit opneem. Kies 'n gerieflike wydte vir die werk wat jy in gedagte het. Jou handelaar sal jou help om die regte kwas vir jou projek te kies.

Verfwenke

Hou die kwas gemaklik vas.


Die meeste mense verkies om die kwas na aan die basis van die handvat te hou. Druk liggies ondertoe met jou vingerpunte en buig die punte van die hare liggies op met elke haal.

Doop die kwas.

Ongeveer een derde van die kwas se hare moet in die afwerking gedoop word. As die kwas vol is, vee dit liggies af teen die binnekant van die hou se opening om te voorkom dat dit afdrup. (Hou 'n lap met 'n oplosmiddel byderhand om druppels en spatsels mee op te droog.)

Verf stadig.

Vinnige hale veroorsaak lugblasies. Stadige aanwending forseer die afwerking in klein induikings op die oppervlak in en verseker egalige bedekking.



Bewaar al jou afvalstukke.

Bewaar al die hout wat oorbly van die projekte wat jy maak. Die afvalhout kan weer op vindingryke maniere gebruik word. Jy sal vind daar is altyd die nood vir 'n klein stukkie hout om in noodgevalle gebruik te word of om herstelwerk mee te doen.

Hout –

Die lewende produk.

Besondere sorg en aandag moet bestee word aan die keuse van hout. As "lewende" produk besit hout egter sekere eienskappe soos gevoeligheid vir omgewingsveranderinge - hitte, koue, droogheid, en klammigheid. Almal het byvoorbeeld waarskynlik al ervaar dat 'n deur vassteek wanneer dit reën; dit word veroorsaak deur die uitswel van die hout wat vog uit die lug absorbeer.

Hierdie probleem word maklik te bowe gekom met 'n bietjie skuurwerk. Op dieselfde wyse mag u moontlik geringe afwykings in enkele stukke hout vind wanneer u hulle vir 'n projek uitsoek. Hierdie afwykings sluit in buiging en draaiing, veral in smaller of langer stukke. 'n Besondere kenmerk van hout is egter dat dit oor groot buigsaamheid beskik. Enige geringe buiging wat voorkom, kan maklik uitgeskakel word. Byvoorbeeld:

1. Langer stukke wat buig, kan omgedraai word wat die buiging uitskakel wanneer die stuk vasgeskroef of -gespyker word.
2. Wanneer die hout in korter of smaller stukke opgesaag word, word enige buiging wat mag oorbly, onbeduidend wanneer die voltooië produk geskaaf en geskuur is.

Moet NOOIT 'n stuk hout met pragtige grein en goeie gehalte verwerp omdat dit effens gebuig is nie. Dit is natuurlik, word maklik reggestel - en die plesier van houtwerk is des te groter wanneer hout se aanpasbaarheid en karakter ervaar word.